MIKRO

WERK EN SKEP

# Onderwerp 8:

## Mengsels en Waterbronne

## Vleilande - Deel 5

Graad 6

Video: les van skyfievertoning

https://youtu.be/GobygG3s50k

Kliek hier om video te kyk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Instruksies

- Jy moet self die werk in jou handboek deurlees of lees dit op hierdie skyfievertoning.
- Bestudeer alle sketse, figure en diagramme.
- Beantwoord die vrae in jou boek soos aan jou deurgegee.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Vra jou ouers om dit saam met jou deur te gaan waar jy sukkel.
- Die memorandum sal ook volg – jou ouers moet jou werk saam met jou nasien wanneer julle die memorandum ontvang.
- Vrae kan aan my gerig word op Dinsdae tussen 09:00-11:00 per e-pos of Class Dojo.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Nasien van Aktiwiteit 3 (Week 8)

Vra jou ouers om jou hiermee te help.  Die memorandum is ook gelaai om dit makliker te maak.  Skryf asseblief jou verbeteringe langs die foute neer.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Gevallestudie, bl. 98

## Gevallestudie: Die Blesbokspruit-vleiland

Die Blesbokspruit-vleiland is naby Springs aan die Oos-Rand in Gauteng. Soos alle vleilande speel die Blesbokspruit-vleiland 'n belangrike rol in die omgewing:

- Dit laat vloedwater stadiger loop, wat vloedskade verminder.
- Dit stoor water wanneer dit baie reën en stel hierdie water stadig weer in die rivier vry. Die stroom hou dus tydens droë tye aan met vloei.
- Dit filtreer en suiwer die water.
- Dit bied 'n habitat vir baie organismes. Hulle kry kos, skuiling en broeiplek in die vleiland. Vis, krappe, voëls, klein soogdiere en baie ander organismes woon in hierdie vleiland.
- Boere in die omgewing gebruik die water vir besproeiing.

Hierdie bladsy wys sommige van die plante en diere wat in die Blesbokspruit-vleiland woon.





**Figuur 12** Plante en diere wat in die Blesbokpruit-vleiland gevind word

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vleilande, bl. 99

Die Blesbokspruit word deur besoedelde water uit die Grootvlei-goudmyn daar naby bedreig. Die water uit die myn bevat giftige chemikalieë. Die water word in die Blesbokspruit gepomp. Baie plante en diere in die vleiland het al weens besoedeling gevrek. Daar is ook rioolwerke reg langs die vleiland wat besoedeling veroorsaak wanneer dit vloeibare rioolvullis vrystel.



**Figuur 13** Foto van die Blesbokspruit-vleiland

**Sleutelbegrippe**

Vleilande is belangrike ekostelsels.
Hulle filtreer vuil water, stoor water en is 'n habitat vir baie soorte plante en diere. Vleilande word deur behuising, landbou en industrie vernietig.

**Video oor Blesbokspruit-vleiland:**

https://www.youtube.com/watch?v=SzHhKVjCnIU

NB. Hoe dink jy sal besoedeling hierdie vleiland beïnvloed?
Wat bied hierdie vleilande tans vir ons as mens?

Wêreld vleilanddag word op 2 Februarie gevier!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hersieningsaktiwiteit, bl. 100

Voltooi asseblief hierdie aktiwiteit.

## Wetenskapstaalaktiwiteit


Skryf 'n sin om die betekenis van elke woord in die onderstaande kassie te verduidelik.

| oplosbare | onoplosbare | biodiversiteit | vleilande | water-gehalte | habitat | filtreer | boerdery |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

## Hersieningsaktiwiteit

1. 'n Groep leerders het 'n stroompie naby hulle dorp ondersoek.

Die stroompie vloei in 'n vleiland in. Hulle het die organismes in die verskillende dele van hulle studiegebied getel. Hier is hulle resultate:

| **Gebied en afstand van vlei af** | **Organisme** | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Fontein-kruid  | Reiers  | Paddas  | Water-kewers  |
| Park waardeur stroom vloei (3 km van vlei af) | 64 | 2 | 24 | 40 |
| Langs besige pad (2 km van vlei af) | 45 | 0 | 9 | 15 |
| Langs verffabriek (1 km van vlei af) | 25 | 0 | 1 | 6 |
| Vlei waarin stroom vloei | 80 | 5 | 36 | 52 |

a. Identifiseer die deel van die studiegebied waar jy dink die meeste besoedeling voorkom. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

b. Identifiseer die hoofoorsaak van die besoedeling en die soort stof wat dit is. (2)

c. Identifiseer die deel van die studiegebied waar jy dink die minste besoedeling voorkom. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

d. Stel 'n rede voor waarom daar min paddas en reiers in die gebied langs die besige pad is. (2)

e. Verduidelik waarom daar meer lewende organismes in die vleigebied is, al is die water wat daarin vloei, besoedel. (2)

f. Wat sou met die biodiversiteit van die vleiland gebeur as huise in die vleigebied gebou word? Verduidelik jou antwoord. (3)

**Totaal: 15**